# Lesing 13 - 21 Maart 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 16 ontvang op 19 Augustus 2018

"MY geliefde kind, MY kneg, skryf hierdie woorde van MY Gees. Wees getrou aan MY Stem. EK het jou gelei in MY Spreuke dat jy MY Boek van Liefde moet opneem. Skryf neer! Dit wat EK jou openbaar het daarin het jou diep geraak. Dit weet EK, want EK het jou hart getoets. Dit verduidelik die skielike skerp pyn wat jy ondervind het in jou hart, MY kind. Jy is bekommerd daaroor, maar wees nie mismoedig terwyl die Leeu aan jou sy loop nie! Onthou die Openbaring van Johannes! Hy het gesien toe daar 'n **tweesnydende swaard uit MY Mond kom**. Dit is **hierdie selfde Swaard wat jou hart besny het deur MY Woord** en dit was so kragtig dat jy dit tot in die vlees van jou hart kon voel deur middel van die skerp pyn. MY kind, baie van MY kinders en selfs jyself besef nie altyd die Krag wat in MY Seën lê wat EK vir MY Dogter gegee het in hierdie eind tye nie.

Skryf en wees vrolik van hart!

EK IS WAT EK IS! EK IS LIEFDE! EK IS jou Ewige VADER en SKEPPER. MY Boerevolk, aan jou is groot Beloftes gemaak in hierdie tyd. Dit is vir jou nou gegee om die finale besluit te neem om te kies tussen MY en die wêreld. Julle moet die Grootheid en Sterkte van MY Krag en Liefde besef in hierdie tyd en die tye wat kom. Al wat julle moet doen vir MY is: **Suiwer julle siele en wend julle af van julle aardse vreemde afgode, waar jyself die grootste afgod is.** Die rede hiervoor is dat meeste van julle verafgod julleself deur om julleself eerste te voed en te versorg terwyl die arme langs julle vergaan van hopeloosheid en honger!

Julle moet gehoorsaam word aan MY Stem en vir MY 'n Huis van Apartgestelde Liefde en Lig bou. **Die Hoeksteen van julle Huis is MY Waarheid** en hierdie Huis is ontvanklik vir die armes, die wees en weduwees, ook al MY kindertjies en soekendes. 'n **Huis van Liefde,** waar EK Self is en waar almal saam werk om siele te wen vir MY! Deel MY Brood en Wyn, voed MY kudde! EK IS julle Eerste Liefde!

Julle wat MY Liefde doen en MY bo alles soek en Liefhet en ook MY Gebooie van Liefde bewaar, **berei voor om binnekort die Jordaan oor te steek!** EK IS heel voor aan die Groot Trek! Wag op MY! Ek nooi julle almal uit MY Volk! Wees deel van MY Verlossing! Word een met MY, julle Skepper en Vader! **Verkry 'n hart van vlees en word besny!**

MY kneg, skryf tot hier."

Die Groot Evangelie van Johannes - Boek 1 JAKOB LORBER - Hoofstuk 202

[9] **Omdat Ek julle die eerste deelgenote van My Gees maak,** moet julle nie dink dat julle `n haarbreedte beter is as enige ander mens nie, en die gawe mag geen rede wees vir `n spesiale posisie nie, soos wat dit by die heidene en die tweemaal so in-die-duistere Judeërs en fariseërs is; maar julle het slegs één Meester, **julle is as broers en susters almal gelyk**, en daar mag onder julle **nooit `n onderskeid wees** nie!

[10] Ook mag julle **geen voorskrifte** maak nie, en julle moet ook geen besondere waarde toeken aan **bepaalde dae en tye** nie, asof dit beter of slegter sou wees as ander, asof Elohim bepaalde dae sou vasgestel het waarop Hy julle gebede alleenlik sal aanhoor en julle offers sal aanneem. Ek sê vir julle: by Elohim is al die dae gelyk en onder al die dae is die beste dag dié een waarop jy iets waarlik goeds vir jou naaste gedoen het! En so moet in die toekoms die ware en Elohim-alleen welgevallige Sabbatdag alleen maar bepaal word deur julle goeie daad!

[11] Op dié dag dat jy goed doen, sal dit ook as ware Sabbat by Elohim erken word; maar **die gebruiklike Judese Sabbat is `n gruwel in Elohim se Oë!**

[12] En as jy `n sogenaamde huis vir Elohim wil bou, **bou dan hospitale en versorgingstehuise vir julle arme broers en susters;** gee hulle daarin alles wat hulle nodig het, dan sal jy op hierdie manier die mees egte diens aan Elohim bewys, waaraan die Vader in die hemele baie welgevalle sal hê.

[13] Aan so `n egte en enigste ware diens aan Elohim **sal mens kan sien dat julle werklik My leerlinge is**.

[14] Gaan dus nou huistoe en werk op hierdie wyse, **dan sal julle arbeid geseënd wees**."

Jesaja 66

1 SO sê JaHWeH: Die Hemele is My Troon en die Aarde die Voetbank van My Voete. **Waar is dan die Huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat My rusplek sal wees?**

2 Want My Hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek JaHWeH. Maar op hierdie een sal Ek let: **op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My Woord.**

3 Wie 'n bees bloei, is soos hy wat 'n man doodslaan; wie 'n lam slag, soos hy wat 'n hond se nek breek; wie 'n spysbydrae bring - sy is varkbloed; wie wierook as gedenking bring, is soos hy wat ongeregtigheid prys. **Soos húlle hul eie weë verkies het en hulle siel 'n behae het in hul verfoeisels,**

4 so sal Ek ook hulle treitering verkies en wat hulle met vrees vervul, **oor hulle laat kom**; omdat Ek geroep en niemand geantwoord het nie, Ek gespreek en hulle nie gehoor het nie; maar hulle het gedoen wat besoedel is in My Oë, **en verkies wat My nie behaag nie. [Maleagi 3:16]**

5 **Luister na die Woord van JaHWeH**, julle wat vir Sy Woord bewe! Julle broers, julle haters wat julle verstoot **om My Naam ontwil**, sê: Laat JaHWeH eerbaar word, dat ons julle Vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!

6 Hoor - 'n **rumoer uit die Stad**! Hoor - **uit die Tempel**! Hoor - **dit is JaHWeH wat Sy vyande hulle dade vergeld!**